Donderdag 14 Mei
Skrifgedeelte: Matteus 24:45-51
Fokusgedeelte: Matteus 24:46
Waaksaam is werksaam

"As ek geweet het die wêreld sou môre vergaan, sou ek vandag nog my appelboompie plant." Of hierdie woord nou van Luther afkomstig is, of – soos baie vandag meen – nie, dit illustreer pragtig wat die waaksaamheid van Advent eintlik beteken. Verlang ek en jy in ons tyd met werksame waaksaamheid na sy wederkoms? Ons fokusvers roep ons op: "Wees getrou en met wysheid besig om die opdrag van Christus uit te voer ... totdat Hy op die Vader se tyd kom. Doen wat jou hand nou vind om in gehoorsaamheid aan Christus te doen!"

Ware geluk is nie geleë in 'n lewe wat om jouself en jou selfsugtige toekomsverwagtings draai nie. Dit is juis die groot sonde van die ongehoorsame slaaf in hierdie gelykenis: hy meen sy eienaar sal nog lank wegbly. Prioriteit nommer een is vir hom dus nie die opdrag van sy eienaar nie, maar sy eie goeddunke. Die geluk van die eerste slaaf daarenteen is dat sy eienaar hom by sy terugkeer besig vind met liefdevolle dienswerk. Dit is regtig of die geseëndheid van hierdie slaaf 'n weerkaatsing is van die vreugde van sy eienaar.

Wat by die volgende gelykenis gesê word, is ongetwyfeld ook al hier van toepassing: "Kom in en deel in my vreugde." Gedeelde vreugde is dubbele vreugde ... en wat daarvan as die vreugde 'n onmeetlike, Goddelike vreugde is?

*Sing: Skrifberyming 15-5:7*
*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*